

# BERINGING VAN VOËLS TE RENOSTERKOP, BEAUFORT-WES

Japie Claassen

Posbus 43, Beaufort-Wes 6970

## Summary

*This paper describes some of the findings of a ringing project on the farm Renosterkop in the Great Karoo. The study was done over a period of five years from December 1987 to December 1992 and a total of 251 birds of 31 species were netted and ringed. The paper looks at recapture data and ratios of males to females captured. The seasonal distribution of various species is also discussed in relation to their activities. The most important aspect of this project is the phenomenon that mensural data for many of the species ringed in this area falls outside the limits as given in Roberts.*

## Inleiding

Aan de einde van 1987 het ek my permit bekom om voëls te bering. Hierdie belangstelling het my gebyt na besoeke van George Underhill aan die Karoo waar ons kennis gemaak en ek geleer het hoe voëls bering word. Nuwe belangstelling in voëls en voëluitstappies het na vore gekom omdat 'n mens vir die eerste keer voëls van naby kon sien. Een van die eerste plekke waar ek gaan voëls bering het, was die plaas Renosterkop in die distrik Beaufort-Wes, wat ek sedertdien met gereelde besoeke opgevolg het.

## Ligging

Renosterkop (22°51'S, 32°13'O) is 'n tipiese Karoopaas, 32 km noordoos van Beaufort-Wes.

## Habitat

Dit is plat Karoowêreld met enkele tipiese Karookoppies. Soetdoringbome *Acacia karoo* en kareebome *Rhus lancea* is die dominerende bome met gras en bossies op die vlaktes. Die plek waar ek die nette oprig is naby die woonhuis ( $\pm$  60 meter) waar 'n paadjie van wes na oos deur 'n redelik digte stand soetdoringbome gaan. 'n Watersloot vanaf 'n opgaardam kruis die paadjie. Ongeveer 30 meter suid van die paadjie is 'n digte rietbos.

## Tydperk

Die tydperk waarvoor verslag gedoen word, strek vanaf 13.12.1987 to 06.12.1992.

Gedurende hierdie tydperk is 251 voëls van 31 spesies bering. In die tydperk is 22 voëls (8,8%) van 8 spesies (25,8%) hervang. In totaal is 24 beringingsessies gehou.

Die spesies, getalle en hervangste word in Tabel 1 aangedui.

Van die volgende spesies is slegs een of twee individue bering:

Gryskopmossie	<i>Greyheaded Sparrow</i>
Kleinrooibors- suikerbekkie	<i>Lesser Double- Collared Sunbird</i>
Kaapse Wewer	<i>Cape Weaver</i>
Bonthoutkapper	<i>Pied Barbet</i>
Kwikkie	<i>Cape Wagtail</i>
Huisbossie	<i>House Sparrow</i>
Paradysvlieëvanger	<i>Paradise Flycatcher</i>
Bosveldstompstert	<i>Longbilled Crombec</i>
Rooiborsduif	<i>Laughing Dove</i>
Rooivlerkspreeu	<i>Redwinged Starling</i>
Grysborstjagra	<i>Southern Tchagra</i>
Diederikkie	<i>Diederik Cuckoo</i>
Gewone Spekvreter	<i>Familiar Chat</i>
Priritbosontrokkie	<i>Pririt Batis</i>
Kleinrietsanger	<i>African Marsh Warbler</i>
Rooivlerk- streepkoppie	<i>Cape Bunting</i>
Mikstertbyvanger	<i>Forktailed Drongo</i>
Bleeksingvalk	<i>Pale Chanting Goshawk</i>

**Tabel 1.** Hervangingsdata en aantal voëls bering.  
*Retrap data and number of birds ringed.*

Spesie <i>Species</i>	Getal voëls bering <i>No. of birds ringed</i>	Hervangste <i>Retraps</i>	% %
Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	61	6	9,8
Kaapse glasogie <i>Cape White-eye</i>	46	2	4,3
Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	38	5	13,2
Gewone Mossie <i>Cape Sparrow</i>	25	2	8,0
Rooioogtiptol <i>Redeyed Bulbul</i>	20	1	5,0
Witkeelkanarie <i>Whitethroated Canary</i>	8		
Fiskaalvlieëvanger <i>Fiscal Flycatcher</i>	6		
Namakwalangstertjie <i>Namaqua Prinia</i>	6	2	33,3
Gewone Janfrederik <i>Cape Robin</i>	6	3	50,0
Bruinkopvisvanger <i>Brownhooded Kingfisher</i>	4		
Rooivink <i>Red Bishop</i>	3		
Bosveldtjeriktik <i>Titbabbler</i>	3	1	33,3
Kransswael <i>Rock Martin</i>	3		

Gewone Janfrederikke (50%), Namakwalangstertjies en Bosveldtjeriktikke (elk 33,33%) het persentasiegewys die grootste hervangings getoon. Dit kan waarskynlik vertolk word dat hulle baie gebiedsgebonde (territoriale) voëls is wat 'n leeftyd in 'n gebied woon.

Daarteenoor blyk dit dat Kaapse Glasogies (4,3%), Rooioogtiptolle (5%) en Gewone

Mossies (8%) meer nomadies is, waarskynlik as gevolg van hul voedingsgewoontes.

Die verhouding tussen mannetjies en wyfies gevang en bering is ook interessant en word weergegee in Tabel 2. By die Swartkeelgeelvinke en Gewone Mossies was die verhouding 1:1, terwyl die Bruinkopvisvangers (4) slegs wyfies was.

**Tabel 2.** Verhouding van mannetjies tot wyfies gevang.  
*Proportion of males to females caught.*

1	Swartkeelgeelvink	<i>Masked Weaver</i>	6:5
2	Gewone Mossie	<i>Cape Sparrow</i>	13:14
3	Huismossie	<i>House Sparrow</i>	1:1
4	Rooivink	<i>Red Bishop</i>	1:2
5	Fiskaalvlieëvanger	<i>Fiscal Flycatcher</i>	1:4
6	Paradysvlieëvanger	<i>Paradise Flycatcher</i>	0:1
7	Piritbosbontrokkie	<i>Pirit Batis</i>	0:1
8	Bruinkopvisvanger	<i>Brownhooded Kingfisher</i>	0:4
9	Kleinrooiborsuikerbekkie	<i>Lesser Doublecollared Sunbird</i>	0:2
10	Kaapse Wewer	<i>Cape Weaver</i>	2:0

Tabel 3 toon persentasiesgewys die aantal voëls wat per seisoen gevang is. Dit toon ook dat sekere spesies waarskynlik meer aktief is in sekere seisoene as ander.

In totaal is daar 24 vangsessies gehou: 12 in die somer gehou, ses sessies in die herfs, vier sessies in die winter en twee sessies in die lente.

**Tabel 3.** Persentasie voëls per spesie gevang per seisoen.  
*Percentage of birds per species caught per season.*

	Somer <i>Summer</i>	Herfs <i>Autumn</i>	Winter <i>Winter</i>	Lente <i>Spring</i>
Rooioogtiptol <i>Redeyed Bulbul</i>	24	62	9	5
Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	84	3	4	9
Kaapse Glasogie <i>Cape White-eye</i>	42	44	12	2
Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	52	27	19	2
Gewone Mossie <i>Cape Sparrow</i>	44	37	11	8
Witkeelkanarie <i>Whitethroated Canary</i>	38	38	24	
Fiskaalvlieëvanger <i>Fiscal Flycatcher</i>	83	17		
Namakwalangstertjie <i>Namaqua Prinia</i>	38	25	37	
Gewone Janfrederik <i>Cape Robin</i>	33	33	22	12

**Tabel 4.** Mates van spesies waar definitief onderskei kan word tussen mannetjies en wyfies.  
*Measurements of species in which a clear distinction is found between male and female.*

Spesie <i>Species</i>	Wyfie <i>Female</i>					Mannetjie <i>Male</i>				
	Lengte <i>Length</i> mm	Massa <i>Mass</i> g	Vlerk <i>Wing</i> mm	Bek <i>Bill</i> mm	Tarsus <i>Tarsus</i> mm	Lengte <i>Length</i> mm	Massa <i>Mass</i> g	Vlerk <i>Wing</i> mm	Bek <i>Bill</i> mm	Tarsus <i>Tarsus</i> mm
Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	159-170	30-42	75-89	14-19	19-25	150-167	26-40	71-84	13-17	19-24
Gewone Mossie <i>Cape Sparrow</i>	149-160	23-27	75-81	11-14	17-21	146-155	23-28	72-81	10-13	16-20
Fiskaalvlieëvanger <i>Fiscal Flycatcher</i>	176	27-30	88-90	14-18	22-24	177-183	24-31	88-96	13-18	21-24
Bruinkopvisvanger <i>Brownhooded Kingfisher</i>						224-227	62-75	100-110	42-48	14-17
Rooivink <i>Red Bishop</i>		30	75	14	20		23-26	68-72	12-13	18-20
Klein Rooiborssuikerbekkie <i>Lesser Doublecollared Sunbird</i>						115	8	52	18	15-17
Kaapse Wewer <i>Cape Weaver</i>		35-37	84-88	16	21					
Huismossie <i>House Weaver</i>	147	26	74	12	18	140	26	70	12	17
Paradysvlieëvanger <i>Paradise Flycatcher</i>							17	80	11	15
Priitbosbontrokkie <i>Priit Batis</i>						113	9	56	12	20

**Tabel 5.**

Mates van spesies waar geen duidelike onderskeid tussen mannetjie en wyfie is nie.  
*Measurement of species with no clear distinction between male and female.*

Spesie <i>Species</i>	Lengte <i>Length</i> mm	Massa <i>Mass</i> g	Vlerk <i>Wing</i> mm	Bek <i>Bill</i> mm	Been <i>Tarsus</i> mm
Rooioogtiptol <i>Redeyed Bulbul</i>	185-195	32-41	88-102	15-19	17-23
Witkeelkanarie <i>Whitethroated Canary</i>	145-156	24-27	74-83	12-14	17-20
Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	222-260	68-88	110-134	20-27	25-34
Namakwalangstertjie <i>Namaqua Prinia</i>	135-149	11-13	48-58	12-14	18-20
Bosveldstompstert <i>Longbilled Crombec</i>		11	55	15	18
Gewone Janfrederik <i>Cape Robin</i>	175-190	27-31	82-92	13-18	26-32
Gryskopmossie <i>Greyheaded Sparrow</i>	155	23-29	80-82	11-12	17
Kaapse Glasogie <i>Cape White-eye</i>	115-126	10-14	55-64	10-12	14-18
Rooiborsduif <i>Laughing Dove</i>		95	131	18	18
Rooivlerkspreu <i>Redwinged Starling</i>		117	140	24	25
Grysborstjagra <i>Southern Tchagra</i>		50	82	26	25
Bosveldtjeriktik <i>Titbabbler</i>	142	14-15	61-67	9-11	17-20
Bonthoutkapper <i>Pied Barbet</i>	172	37-43	82-84	19-21	21-23
Kwikkie <i>Cape Wagtail</i>	188	22-23	83-87	14	24-25
Gewone Spekvreter <i>Familiar Chat</i>	162	22	89	16	25
Kleinrietsanger <i>African Marsh Warbler</i>	130	10	57	12	20
Rooivlerkstreepkoppie <i>Cape Bunting</i>	154	20	73	12	19
Mikstertbyvanger <i>Forktailed Drongo</i>	260	55	142	19	23

Swartkeelgeelvinke was dus baie bedrywig in die somer en dit is waarskynlik te wyte aan hul nesbou bedrywighede. Fiskaal-

vlieëvangers is hoofsaaklik in die somer gevang wat waarskynlik toegeskryf kan word aan kossoek gewoontes.

**Tabel 6.**

Hervangdata tussen 1987 en 1992.  
Retrap data between 1987 to 1992.

Ring no.	Spesie <i>Species</i>	Gering <i>Ringed</i>	Hervang <i>Retrap</i>	Mnde <i>Mths</i>	Hervang <i>Retrap</i>	Mnde <i>Mths</i>
BB90805	Rooioogtiptol <i>Redeyed Bulbul</i>	13.12.87	14.01.88	1	Eerste voël hier gering	
E17503	Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	13.12.87	28.08.88	8	05.11.89	23
E17502	Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	13.12.87	28.08.88	8		
BB90812	Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	13.12.87	18.09.88	9		
BB90840	Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	23.01.88	30.12.90	35		
BB90863	Gewone Janfrederik <i>Cape Robin</i>	24.04.88	28.08.88	4	18.09.88	5
E17509	Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	28.08.88	12.01.92	40		
BB90886	Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	28.08.88	06.12.92	51		
BB90888	Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	28.08.88	06.12.90	51		
BB91960	Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	02.01.89	30.12.90	24		
AC03396	Namakwalangstertjie <i>Namaqua Prinia</i>	05.02.89	02.06.91	28		
BB96972	Swartkeelgeelvink <i>Masked Weaver</i>	17.03.90	06.12.92	33		
BD01750	Gewone Mossie <i>Cape Sparrow</i>	30.12.90	06.12.92	23		
AC15102	Kaapse Glasogie <i>Cape White-eye</i>	27.01.91	21.04.91	3		
AC15127	Bosveldtjeriktik <i>Titbabbler</i>	21.04.91	31.05.91	1		
AC15126	Namakwalangstertjie <i>Namaqua Prinia</i>	21.04.91	22.06.91	2		
F07016	Gewone Janfrederik <i>Cape Robin</i>	21.04.91	16.12.91	8		
F07007	Gewone mossie <i>Cape Sparrow</i>	21.04.91	12.01.92	9		
AC15136	Kaapse Glasogie <i>Cape White-eye</i>	27.10.91	12.01.92	3		
CC01728	Olyflyster <i>Olive Thrush</i>	12.01.92	06.12.92	11		

Daarteenoor was Rooioogtiptolle meer aktief in die herfs wat weer toegeskryf kan word aan die ryp bessies wat daardie tyd van die jaar ooral gevind word. Gewone Janfrederikke was feitlik deurlopend ewe aktief.

Die mates van voëls waar daar met sekerheid onderskei kon word tussen mannetjies en wyfies word in Tabel 4 weergegee, terwyl die mates van voëls waar geen uiterlike onderskeid is nie, in Tabel 5 weergegee word.

Swartkeelgeelvinke (wyfies en mannetjies) was langer as in Maclean (1993) weergegee, terwyl mannetjies se vlerklengte ook ietwat langer was. Wyfies en mannetjies was ook swaarder as in Maclean (1993) gemeld. Dit blyk dus of hierdie spesie in die algemeen groter is in die Karoogebied.

Gewone mossies (wyfies en mannetjies) se vlerklengte was langer, terwyl die bekke van sommige korter was as bekende data.

Fiskaalvlieëvanger mannetjies se vlerklengte was langer as in bestaande rekords.

Die bruinkopvisvangers se tarsus was aansienlik langer (4 mm), terwyl rooivink-

wyfies se vlerklengte langer (3,5 mm) en sommige se tarsusse en bekke korter was. Rooivinkmannetjies en -wyfies was ook swaarder as bekende data.

Rooioogtiptolle was swaarder, Gewone Janfrederikke, Olyflysters, Namakwalangstertjies en die Mikstertbyvanger se lengte was langer, Witkeelkanaries en Namakwalangstertjies se vlerklengte was langer, en die Namakwalangstertjies se bek en die Bonthoutkappers se tarsusse was langer as bestaande data.

Die hervangingsdata word in Tabel 6 weergegee.

Die oorlewingsvermoë van twee swartkeelgeelvink mannetjies (51 maande elk) in dieselfde gebied, is baie interessant.

### **Bedankings**

Ek wil graag die eienaar van die plaas, Wallie Nigrini, bedank dat ek die plaas gereeld op geleë en ongeleë tye kon besoek vir die ringwerk.

### **VERWYSINGS**

MACLEAN, G.L. 1993. *Roberts' birds of Southern Africa*. Cape Town: John Voelcker Bird Book Fund.